# A Brave New World week 3

## Hulp uit onverwagte bronne

## Josua 2:1-21




## Inleiding (welcome)

***Ons almal het ervarings hoe mense, van wie ons dit nie verwag het nie, wat ons onverwags of sonder dat ons dit vra, gehelp het.***

- ***Vertel vir mekaar hierdie stories***

- ***Watter impak het dit op jou geloof gehad?***

## Skriflesing: Lees Josua 2:1-21

- Deel eers dit wat jou die meeste tref in die gedeelte – in een sin.

- Ons is effens teleurgesteld dat ons lees **die verkenners het eerste by die Huis van Ragab, die prostituut, uitgekom**. Ons verwag dit nie van good upstanding citizens nie. Maar wat ons meer verrras is Ragab se reaksie. **Watter onverwagse goed doen sy dadelik in v 4-7?**

- Nog meer verrassend is **Ragab se reaksie oor dit wat die God van Israel is en doen.** Dit is moontlik dat al die *rumours* wat sy oor hierdie God gehoor het, gemaak het dat sy besluit het om 'n ander storie oor haar lewe te skryf. **CS Lewis skryf:** ***"Prostitutes are in no danger of finding their present life so satisfactory that they cannot turn to God: the proud, the avaricious, the self-righteous, are in that danger."***

  Hoe praat sy oor hierdie God? Kyk na **verse 9-11.**

- Haar storie tot op hierdie punt in haar lewe was: "Ragab, die prostituut." As jy haar nuwe storie kan skryf, watter nuwe naam sal jy nou vir haar nuwe storie gee en motiveer jou antwoord.

  **"Dit is die nuwe storie van Ragab, die……………………………"**

- As jy jou huidige storie nou moet skryf, hoe sal jy begin? **"Ek is…………………………, die**

  **……………………………………."**

Ons leer uit Ragab se storie, dat wat jou storie nou is, is nie die einde nie. So maklik definieer en beperk ons onsself en God se werk, deurdat ons nie dink ons is goed genoeg, of gekwalifiseerd genoeg of geestelik genoeg nie.

**Watter ander karakters, mense in die Bybel** het jy al van gelees, wat defnitief ook nie goed genoeg was in hulle of die samelewing se oë nie en tog het God hulle kragtig gebruik? Noem ‘n paar.

- As jy vandag **‘n nuwe storie oor jou lewe** kan skryf, hoe sal jy wil begin? Hoe kan Josua 2:9-11 vir jou hiermee help?

  **Hier volg die nuwe storie van ………………………, die ………………………………….”**

## Ons uitdaging is: (*works*)

i. Gaan begin skryf aan jou nuwe storie. Dink aan wat God vir jou belowe en wat Hy dink jy kan wees en doen.
ii. Watter belofte uit hierdie gedeelte gaan jy hierdie week aan vashou?

## Ons bid vir: (*worship)*

1. Begin deur eers net vir God **dankie** te sê dat Hy nie opgee op jou nie, maak nie saak wat jou storie nou is nie.
2. Dank God vir sy beloftes en vra Hom om jou te help om daaraan vas te hou.
3. Noem een saak uit hierdie gedeelte wat jy geleer het en wat jou die meeste challenge en vra die groep om vir jou daarvoor te bid.